



Voorwoord

Hierdie gedenkuitgawe is 'n produk van die subprogram Regeerkunde en Transformasie. As sodanig is dit 'n geleentheid vir verskeie jong akademici om saam met meesters soos proff. B.J. (Bennie) van der Walt en J.F. (Johan) Kirsten te publiseer. In hierdie uitgawe word 'n beeld gegee van die kontemporêre politiek met perspektiewe wat wissel tussen analities, beskrywend en normatief tot die praktiese evaluasie van die nuwe uitdagings wat hoër onderriginstellings konfronteer. Hier word, in 'n neutredop, 'n venster gebied op heersende realiteite en 'n immer-veranderende omgewing.

Mnr. J.C.M. Venter en prof. André Duvenhage fokus op die Polokwane konferensie en die implikasies van die waterskeidingsbesluite wat hier geneem is vir die “tweede politieke transisie” in Suid-Afrika. Die nuwe hegemonies dominante ANC, met 'n sterker ideologiese basis, word geanaliseer en potensiële uitkomstes/scenarios word gepostuleer.

Prof. J.F. Kirsten kyk na die Afrikakontinent en analiseer die nuwe positiewe neigings asook die ou uitdagings wat aan die begin van die 21e eeu duidelik is. Hy reflekteer oor nuwe ekonomiese groei, nuwe prodemokratiese bewegings en die beëindiging van ou konflikte.

Prof. B.J. van die Walt formuleer perspektiewe vir normatiewe politiek en rekonstueer die boodskap van die Instituut vir Reformatoriese Studie (IRS) gedurende die periode 1976-1996. In die eerste deel van sy artikel word 'n wêreldbeskouing wat as grondslag vir 'n Christelike perspektief op politiek dien, gedefinieer en beskryf.

Mnr. P.W. Heidenrych beskryf die tekortkomings van die plaaslike regeringstelsel waar dit verband hou met die verdieping van deelnemende demokrasie. Hy hou die gebrek aan diepte en kwaliteit in plaaslike demokrasie voor as 'n tekort binne interregeringsrelasies.

Prof. G. van der Waldt definieer “structures of governance” as die strukture wat bekleed is met mag en verantwoordelikheid en op hierdie wyse organisasies saambind. Met ’n groeiende beklemtoning van ’n projekperspektief by beleidsimplementering en dienslewering moet strukture en meganismes gevestig word om duidelike skakeling tussen tydelike projekorganisasies en permanente strukture te fasiliteer.

Mnr. A. Schoeman beskryf die klemverskuiwing wat plaasgevind het in die perspektief op ingeplofde state, weg van regionale humanitêre krisispunte na moontlike bedreigings vir globale sekuriteit. In dié verband het veral die VSA se beleidmakers ingeplofde state begin sien as potensiële bronne vir terroristebedreigings. Hierdie hernude belangstelling het ’n aantal gebreke in die huidige literatuur aan die lig gebring.

Mnr. D. van Schalkwyk verskaf ’n oorsig oor die regering se formulering van die taxiherkapitaliseringsbeleid wat gemik is op die regulering van die minibusindustrie. Dit word gedoen tesame met ’n sosiale, politieke en historiese kontekstualisering van hierdie beleid.

Me. L. Vermeulen evalueer die e-gereedheid van webgerugsteunde leerfasiliteerders teen die agtergrond van onlangse veranderings binne hoër opvoedingsinstansies. Die nuwe vereistes om tegnologie in leer en onderigaktiwiteite te inkorporeer, word uitgesonder vir spesifieke aandag.

Hierdie groep talentvolle en meestal jong akademici bring aktualiteit en leesbaarheid in hierdie uitgawe van *Koers*. Die hoop word uitgespreek dat hulle hierdie as ’n beginpunt van lang en vrugbare navorsingsloopbane sal gebruik.

André Duvenhage
Gasredakteur